CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

Jaargang XXXVI Nommer 8 20 Maart 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

Bussie 13 Inligtingsburo Studentesentrum
Tel 25481 4267/8 22112 x 570/1

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

Studente vra:

# Karnavalkomitee moet anders verkies word

— Zelda Nel —

**DIE Pukke hou nie van die manier waarop hulle Karnavalkomitee saamgestel word nie. Dit is maar een van die besware wat duidelik blyk uit die vraelys wat aan studente voorgelê is na afloop van 1981 se karnaval.**

Op die vraag: "Is die samestelling van die Karnavalkomitee bevredigend?" het 38,2 % van die studente "ja" geantwoord en 61,8 % het hulself negatief daaroor uitgespreek. Dit is opvallend dat dit die meer senior studente is wat die meeste gekant is teen die huidige samestelling.

### Over de Voor

Danie du Plessis, die man wat die skakel- en reklamewerk van 1981 se komitee behartig het, het homself uitgespreek oor die aanname dat die grootste gedeelte van karnavalkomitee uit Over de Voor kom. Baie studente het die vraag beantwoord terwyl hulle onder 'n wanindruk verkeer het.

Van die ongeveer veertig lede kom slegs sewe uit Over de Voor. Danie sê dat die mense wat op die komitee dien, suiwer op meriete aangestel word. Die geweeklaag spruit waarskynlik uit die feit dat sowel die voorsitter as die ondervoorsitter Oversmanne is. 'n Aanbeveling wat neer kom op meer demokrasie by die verkiesing van die komitee en veral die voorsitter is na aanleiding van die vraelys gemaak. Tans lê die taak grootliks by die ou komitee in samewerking met die SSR.

### Samewerking

'n Verdere ontevredenheid het uit die vraelys geblyk. Die samewerking tussen die karnavalkomitee en die verskeie koshuise was nie altyd na wense nie. Elke koshuis het 'n karnavalverteenwoordiger gehad en dit het grootliks van hom of haar afgehang hoe goed die skakeling was. Hierdie stelsel laai 'n groot verantwoordelikheid op een persoon

Die res van die klagtes het meestal betrekking op die karnavalaksies. Mense kla dat dit nie goed georganiseer was nie, dat dit nie altyd op die beplande tye plaasgevind het nie en dat daar dikwels onduidelikheid was oor die plek waar die aksie sou plaasvind. Die meerderheid dink nie dat karnaval 'n verlenging van oriëntering was nie, alhoewel 10 % van die eerstejaars tog so voel.

### Plaas

Die groot vraag is natuurlik wat die mense van die hele "plaas-idee" dink. Dit mag 'n verrassing wees vir die doemprofete onder ons: 81,9 P van die studente dink dat 'n karnavalplaas wel suksesvol kan wees, en 18,1% staan heeltemal negatief teenoor die idee.




*● Motors sonder parkeerskyfies word deur Sekuriteitsdienste vasgesluit as die eienaars na drie boetes nog nie gereageer het nie. Hier is die apparaat waarmee dit gedoen word, duidelik sigbaar.*

# Bantoetale kry swart assistente

— Verna Geyser —

**OM 'n Bantoetaal in sy geskrewe vorm te leer, is nie altyd maklik nie, maar die aanleer van die korrekte uitspraak is van veel groter belang. Hierdie feit is al 'n geruime tyd deur die Departement Bantoetale geïdentifiseer, maar weens verskeie faktore was dit nie moontlik om moedertaalassistente aan te stel nie. In die huidige akademiese jaar is dit wel toegestaan. Mnr Jacob Mashao (Noord-Sotho) en mnr Jeremia Pitso (Tswana) is aangestel om studente en dosente behulpsaam te wees.**

Mnr G A Landsberg, dosent in Noord-Sotho, het as sy vernaamste beweegrede aangevoer dat die dosente weens hul aantal periodes daarvan weerhou word om aan elke student meer as vyf minute per week individuele aandag te skenk. Die taalassistente se belangrikste funksie is om die studente met individuele aandag in voorgeskrewe literatuur en praktiese taalvaardigheid by te staan.

Oorspronklik is drie taalassistente aangevra vir Tswana, Noord-Sotho en Zoeloe. Om finansiële redes kon net twee mense aangestel word.

### Dienste

Tesame met hul pligte as assistente sal hulle ook 'n belangrike diens lewer aan buite-instansies. Bandopnames met die korrekte uitspraak gaan gemaak word en sal aan skole, studente, maatskappye en ander belangstellendes beskikbaar gestel kan word. Daar word ook gewerk aan 'n woordeskatregister wat later in 'n woordeboek herskep kan word.

Mnr Jeremia Motsamai Pitso is in Potchefstroom gebore en het sy matriek hier in Tlokwe Sekondêre Skool behaal. Sy primêre onderwysdiploma het hy aan die Kilnerton-kollege in Pretoria verwerf. Na 'n onderwysloopbaan van 'n aantal jare het hy in 1966 in die Ferdinand Postma-biblioteek begin werk. Hier het hy reeds begin om verskeie mense te help met Tswana-vertalings. Hierdie mense het hom dan ook aanbeveel toe die pos aan die Universiteit geadverteer is.

Mnr Jacob Abueng Mashao is in Roodepoort gebore en het sy kennis van Noord-Sotho in Pietersburg opgebou waar hy aan die Pax-opleidingskool sy hoërskooljare deurgebring het. Hy het tydelik onderwys gegee aan Tlokwe Hoërskool, Potchefstroom voordat hy die pos aan die Puk aanvaar het.

Die studente voel dat hulle werklik baat vind by die dienste van die moedertaalassistente. Mnr Mashao en mnr Pitso sê albei dat hulle baie gelukkig is en besonder goed ontvang word deur studente sowel as dosente.

# Polstu wil probleme tussen rasse oplos

**MNR Pieter Horn van die Morele Herbewapeningsbeweging het Woensdag 11 Maart 'n film, "A man for all people" aan Polstu-lede vertoon.**

Die film het gehandel oor die lewe en werk van wyle dr William Nkomo, 'n swart mediese dokter van Pretoria. Hy was die stigter van die ANC Youth League.

Dr Nkomo was die eerste swart student aan die mediese skool by Wits en was in dié tyd betrokke by die ANC. Hy het gewapende geweld bepleit om die posisie van die Swartman te verbeter.

Vier Tuks-studente het hom genooi na die Morele Herbewapeningsbeweging in Lusaka in 1953. Hy het besef dat blank en nie-blank saam oplossings vir Suid-Afrika se probleme moet vind. Hy het die blankes se pogings tot verandering in die buiteland geprys.

### Invloed

Dr Nkomo het 'n geweldige invloed onder die swartmense in Suid Afrika en veral Atteridgeville naby Pretoria uitgeoefen.

Uit 'n bespreking oor die film het dit geblyk dat die verskeie bevolkingsgroepe in Suid-Afrika mekaar wantrou. Volgens Paul Smit, 'n lid van Polstu, wil hulle die verskillende rasse in Suid-Afrika nader aan mekaar bring en die probleme so probeer oplos.

(Berig deur P Malan van Die Wapad, PU vir CHO, Potchefstroom)

## Rugby

DIE Puk se eerste rugbyspan speel Woensdag 25 Maart teen 'n Argentynse span. Die Cordoba's het onlangs in Suid-Afrika aangekom en sal hulle eerste wedstryd teen die Puk speel. Die span is nie dieselfde span as die Los Toros nie.

Die eerste wedstryd begin om 18h30 tussen die Puk onder-twintig A-span en Vaalrivier Puk se tweede span. Daarna speel die Ibbies teen Vaalrivier Pukke om 19h45. Die toegangsgeld is R2. Daar sal tussen 18h39 en 19h30 busvervoer na Oliënpark verskaf word. Dit vertrek vanaf Oosterhof en die Sentrale eetsaal.

## Pik Botha

MNR Pik Botha, Minister van Buitelandse Sake en van Inligting, kom op Donderdag 26 Maart op die Puk praat. Die toespraak word gehou met die oog op die komende verkiesing.

Daar word verwag dat mnr Botha eers die prinsipiële beginsels van die Nasionale Party sal uiteensit, waarna hy aandag aan die party se opponente sal gee. Na die toespraak sal daar geleentheid vir vrae en bespreking wees.

Die vergadering sal in die J Chris Coetzeegebou in kamer 300 gehou word. Dit sal die vorm van 'n openbare vergadering aanneem en lede van die publiek is welkom om dit by te woon.

Die vergadering word deur die NP-Studentetak in samewerking met min. Louis le Grange, LV vir Potchefstroom, gereël. Volgens die voorsitter, mnr Werner Eksteen, word meer as 500 mense verwag.

Berig deur C de Klerk van Die Wapad, PU vir CHO.

## Binne

● Asbek, die amptelike mondstuk van die ASB, verskyn vandeesweek op bladsy 3.

## Nuuswenke

Algemene Nuus: Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
Koshuis/Sosiaal: Zelda Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
Sport: Griet Gräbe, Kuns: Johan Myburg, Tel 6668.
Saktyd
Maandag 13h00

Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater

# Jong Kennedy se spel betower

— Thys Odendaal —

**NIGEL Kennedy (viool) en Peter Pettinger (klavier). Program: Vyf Melodieë, Opus 34A (Prokofiëf); Sonate in F-majeur, Opus 24, Lente (Beethoven); Tzigane (ravel); Sonate of Duo in A-majeur, Opus 162 (Schubert); Sonate No 3 in C-mineur, Opus 45 (Grieg). In die Konservatoriumsaal, Potchefstroom.**

Hoewel die programaantekeninge dit anders wou hê, het Nigel Kennedy en Peter Pettinger wyslik besluit om Prokofiëf se Vyf Melodieë as openingswerk te kies, vóór Beethoven se Lente-sonate. Miskien het hulle ook gereken dat, veral wat die inhoudelike van die werk betref, 'n mens nie jou gehoor onmiddellik met Beethoven, binne die raamwerk van hierdie soort program moet bemoei nie.

Ieder geval, die Prokofiëf-melodieë het hierdie jong Kennedy-knaap sommer met die wegval as 'n uiters begaafde violis voorgestel: en dit terwyl 'n mens die gevoel gekry het, uit daardie romerige geleende Guadagnini van hom, dat hy veral aangetrokke is tot die romantiese vioolliteratuur. Eienskappe van sy spel wat later soveel vreugde sou verskaf, was in voortdurende mate in die Prokofiëf reeds aanwesig.

Dit bring 'n mens dan by die Beethoven. Uit die aard van sy jonkheid het die Lente-sonate 'n jeugdige aanslag geopenbaar, wat juis so gepas was. Maar jeugdigheid in hierdie geval beteken nie petieterigheid nie, want Kennedy beskik oor 'n enorme toonkwaliteit, 'n verstommende tegniese bedrewenheid en, boweal, 'n diepe insig en musikaliteit. Hy het in hierdie werk na die siel, die essensie gesoek. Hierby sluit 'n mens Pettinger onvoorwaardelik in.

Dit is moeilik om te glo dat hierdie twee kunstenaars by net enkele geleenthede voorheen saamgespeel het. Die rapport tussen hulle was eg, oorwoë en het 'n stempel van absolute meelewing gedra. Die inherente verwesenliking van die buite-bewegings het inderdaad die musikale berusting van die bekoorlike Adagio molto espressivo beklemtoon. Miskien sou die Rondo met 'n effens vinniger inset die totale opwinding van die soante vervolmaak het.

Ná die Beethoven was Kennedy deeglik in sy element met Ravel se Tzigane, 'n werk wat 'n jong violis van hierdie formaat al te handig kan inspan om sy gehoor met tegniese toorkuns te oorrompel. Selfs hier, veral in die lang solo-inleiding met sy sigeuner-stemming, het Kennedy homself openbaar as 'n kunstenaar wat verby die blote oppervlakkigheid van vertoonkuns peil. Dalk is dié vergelyking vergesog, maar in die slotgedeeltes van die Tzigane het Kennedy sterk herinner aan 'n Zukerman, met sy weergawe van Lalo se Symphonie Espagnole.

Die swewende karakter, gegrond op 'n singende liriese lyn, het Schubert se Sonate in A-majeur, of dan die Duo, deurgaans gekenmerk. Kennedy se reeds verstandige begrip van dinamiek, het hierdie sonate in 'n ewewigtige musikale uiting getooi. Die werk wemel van kontraste, soms volbloed-driftig, en 'n mens kan voorsien dat 'n mindere violis hierdie skryfwyse onoordeelkundig kan uitbuit. Nie Kennedy nie. As voorbeeld kan 'n mens die slampamperkarakter van die Andantino noem, teenoor die soms byna verwoestende viool-party in die Allegro vivica. Hier kan 'n mens ook nie nalaat om die skitterende spel van Pettinger in die Andantino te noem nie: die temas, dan sterk belig en andersins begeleidend van aard, het tussen klavier en viool gedartel.

Grieg se Vioolsonate No. 3 is sekerlik van dié komponis se beste en aangrypendste werke. Die begeleidende party is plekplek 'n delikate Grieg, maar hierdie sonate is hoofsaaklik 'n hewiger Grieg, in komposisionele konstruksie en emosionele krag. Kennedy het hierdie werk eenvoudig briljant uitgevoer: 'n toonbeeld van absolute konsentrasie, in al die wisselende fasette, en met opwinding wat grens aan verhewe musisering. (Uit Beeld 11-03-81).



● *Nigel Kennedy*

● Resensie

# Angelliera

— Jan Swanepoel —

**VANDEESWEEK verskyn die tweede deel van Jan Swanepoel se resensie oor TT Cloete se Angelliera.**

In "Angelliera" is daar sprake van 'n samehang tussen die nietige en die grootse. In "Lemoenboom" (p 8) word verbeeld hoe die lemoen wat gevorm is uit aarde en vog, lig en wind, die son oproep:

"Onnavolgbaar doen die lemoen die goudgroen son seisoen na seisoen naaste na". Hierdie versreël kan ook dien as illustrasie van Cloete se fyn aanvoeling vir klank en ritme.

Dit is opvallend hoe baie "son" in hierdie bundel voorkom. In die inleidingsvers, "Sonneblom" (p 1) word die son "geelgroen" genoem, waarmee sowel op glans as groei gedui word. Eweneens sien ons in "Sonneblom" hoe die klein aardse dinge (pit, plant, wortels, stronk, ensovoorts) bewus is van die kosmiese; al hierdie dinge, op alle plekke, weet "dat die son geelgroen oos opkom".

Hierbo lê die klem op groei, maar ook uit verval kom lewe. Dit is 'n visie wat Cloete met Breytenbach deel. In 'Herbenutting' (p 3) met sy funksionele woordspel, lees ons hoe die dooie pikkewyn bedrywig haar stank meedeel. Dit wat verval word opgeneem en herbenut in die samestelling van iets nuuts.

"Iewers ooit word alles weer saamgestel
uit haar tot eenmalige sel en sel
en self word elke deel
deeltyds heel in alle gedaantes van die ewige geheel."

Hier sien ons iets van die aardse skepping in sy tydsheid (ooit, eenmalig, deeltyds) maar ook van die samehang daarvan met die ewige; die deel in gedaantes van die ewige geheel. Die herhaling van frases, die fyn woordontginning wat gedra word deur die herhalende klanke waar — in die woorde van Leopold — "Elke klank beminder klanken vond/tot samenkomst" is 'n tegniek wat Cloete met groot vaardigheid aanwend.

Die aardse skepping word in "Angelliera" voorgehou as God se skepping. Meer nog, die klein aardse dinge (duif, valk, mossies, muis, slang, triceratops, virus) lewe God simfonie uit (van mossies en meer p 5). In 'Ballade van die mossie' (p 53) lees ons hoe die aarde om die son, die maan om die aarde tol en in hierdie kosmiese beweging word die aandag gevestig op die mossie wat onbewus van die beweging saamry, selftevrede met 'n wurm in sy bek! Net soos die mossie deel het aan hierdie beweging en tog onbewus is daarvan, so is die mens ook dikwels onbewus van God wat aan die werk is in sy kosmos (Suidpool en Senit 11, p 2). God is ewig doenig terwyl die wordende mens besig is om homself oor te gee aan die bekoring van die hic et nunc (Eskapade p 69). In alles wat hy doen, is die mens — hoe paradoksaal ookal — besig om God se Raadsplan in vervulling te laat gaan ('Matroos en soldaat' p 32).

# Teffo stal uit

— Nicci Rosseau —

**DIE tweede aktiwiteit van die SAKV vir 1981 is die uitstalling van Michael Teffo. Die opening is op 16 Maart deur mnr Arend Müller gedoen.**

Mnr Teffo is in 1957 in Pretoria gebore en is vanaf 1976 'n selfonderhoudende kunstenaar. Hy het geen formele opleiding ontvang nie.

Sy Rooms-Katolieke agtergrond het 'n groot invloed op sy werke en sy lewensideaal is om kuns aan die wêreld uit te dra.

Die huidige uitstalling is sy derde eenmanuitstalling. Hy het al oorsee uitgestal.

Sy temas vir sy kuns vind hy in alle aspekte van die lewe, van die tradisionele tot die moderne "township" lewe. Die houding van die mense is belangrik — meer as die uitdrukking op hulle gesigte.

Die figure spreek van verlatenheid en toewyding — die figure is tuis op die doek.

Die beeldhouwerk van Teffo is meer abstrak as sy twee-dimensionele werke. Sy gevoel vir vorm kom sterk na vore in sy beelde.

As nie-blanke kunstenaar word daar 'n groot toekoms vir hom voorspel en ons hoop om meer van hom te hoor.

CHARLENE LE RICHE
Beauty Clinic/Skoonheidskliniek
Cidesco. S A I H B Th
LEWIS ARCADE.
KERKSTREET,
POTCHEFSTROOM
TEL.: 5581
CLeR
BEHANDELINGS
*Velbehandeling
*Franse velafskilfering
*Verjonging en serumbehandeling
*Spesiale koringkiemmasker
*Verjongde H.T. masker
*Velanalise en grimering
*Kleuring van wenkbroue en oogwinpers
*Manikuur
*Pedikuur
*Verwydering van gesigs- en beenhare
*G 5 verslankingsmasjien
GRIMERING
*Grimering
*Bruidsgrimering
*Gewone dag en aandgrimering
*Fotografies
*Modelgrimering
*Korrektiewe grimering
*Disco
*Fantasie
*Kamoefleer
*Verhoog en TV
*Futuristies
*ONS BIED SPESIALE TARIEWE VIR STUDENTE
'n Jaarlange kursus in skoonheidsterapie neem binnekort 'n aanvang. Skakel 5581 om 'n afspraak vir 'n onderhoud te reël.

asbek amptelike mondstuk van die afrikaanse studentebond

# Natal is 'n eenheid

DIE basiese gevolgtrekking van die groep akademici wat ondersoek ingestel het na die moontlikhede van die sinvolle konsolidasie van KwaZulu was dat konsolidasie in die ortodokse sin van die woord nie daar moontlik sou wees nie.

Die empiriese werklikhede in Natal!KwaZulu is eenvoudig van so 'n aard dat KwaZulu nie in dieselfde mate konsolideerbaar is as byvoorbeeld Transkei, Bophuthatwana of Venda nie. Bowendien betwyfel die ondersoekspan die meriete daarvan om grond as die belangrikste ruilmiddel te gebruik in die politieke onderhandelingsproses in Suid-Afrika.

Die redes hiervoor is eenvoudig: Eerstens, daar is nie genoeg grond om alle botsende eise tevrede te stel nie. Tweedens, dit verreikende implikasies sou afgee indien duisende miljoene rande gespandeer moet word en honderdeduisende mense as gevolg van konsolidasie verskuif sou moes word. Derdens, omrede grondhonger basies onbevredigbaar is, sal dit tot voortdurende onstabiliteit aanleiding gee sou dit as faktor in die onderhandelingsproses aangewend word. Vierdens, deur grond van individuele besit na 'n kollektiewe entiteit oor te dra, druis nie alleen in teen die stelsel van privaatbesit nie, maar ondermyn ook die vryeondernemingstelsel.

'n Ander probleem waarvoor die ondersoekspan te staan gekom het,is binne watter staatkundige konteks konsolidasie moet plaasvind. 'n Stabiele politieke stelsel is alleen moontlik wanneer daar legitieme politieke instellings bestaan waarbinne effektiewe deelname aan die politieke proses kan plaasvind. Omrede sodanige instellings nog ontbreek, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat konsolidasie nie die eerste prioriteit behoort te wees nie, maar wel die daarstelling van nuwe of aanvullende legitieme instellings wat gebaseer is op die reële omstandighede of basiese werklikhede in Natal/KwaZulu. Alleen op die grondslag van sodanige staatkundige raamwerk sou konsolidasie sin uitmaak.

Hierdie werklikhede sluit in:

- Die hoë graad van heterogeniteit en die geografiese ineengestrengeldheid van die bevolking van die streek.
- Die demografiese oorheersende posisie van die Zoeloe in Natal (3,1 miljoen Zoeloes, 451 000 Blankes, 73 000 Kleurlinge, 518 000 Asiërs).
- Die hoë graad van ekonomiese interafhanklikheid tussen die bevolkingsgroepe.
- Die aanwesigheid van 'n Blank-gedomineerde magstruktuur in die sin dat die effektiewe ekonomiese en politieke mag in Blanke hande is.
- Die groeiende politieke en ekonomiese aspirasies van Swartes, Kleurlinge en Indiërs.
- Die oplaaiende eksterne bedreigings teen die voortbestaan en stabiliteit, veral ná die bewindaanvaarding van Marxistiese regimes in die noordelike buurstate.

Hierdie realiteite dui daarop dat daar verder gedink moet word as die bestaande politieke model ten einde konflik uit te skakel en samewerking te verkry. Dit is ook duidelik dat die oplossing gesien moet word weg van die ekstremiteite van kleurdiskriminasie aan die eenkant en meerderheidsregering in die huidige unitêre stelsel in die RSA aan die anderkant. Beide hierdie benaderings kan beskou word as onprakties, asook gevaarlik vir die voortbestaan van minderheidsgroepe in Suid-Afrika.

Dit is teen hierdie breë agtergrond wat die ondersoekspan na die probleme van Natal/KwaZulu gekyk het. Dit moet egter beklemtoon word dat dit geensins die bedoeling was om met 'n finale plan of bloudruk voor die dag te kom nie. Feit is egter dat die **status quo** in Suid-Afrika 'n plafon bereik het en nuwe denke is absoluut noodsaaklik om uit hierdie doodloopstraat te kom. Juis dit, naamlik om denke te stimuleer, was die belangrikste oorweging agter die publikasie van die eerste verslag.

Wanneer daar na oplossings vir die politieke probleme van Suid-Afrika gesoek word is dit natuurlik van die grootste belang dat konsultasie en onderhandeling die enigste metode is. Trouens as die proses reg en aanvaarbaar is behoort die uiteindelike resultaat ook aanvaarbaar te wees. Vir die ondersoekspan het dit dan ook duidelik geblyk dat die huidige aansprake van Swart leiers op deelname aan die besluitnemingsproses binne die raamwerk van die sentrale Parlement 'n resep vir konflik is. Daarom behoort aantrekliker regionale opsies vir hierdie leiers moontlik gemaak te word. Dit was dan ook die oorheersende indruk wat met hierdie ondersoek verkry is dat die antwoorde vir die politieke probleem van Suid-Afrika in 'n regionale konteks gesoek behoort te word. Hierdie regionalisering kan egter nie alleenlik op etniese groeperings gegrond wees nie. Daarom moet die beleid van afsonderlike ontwikkeling gesien word as slegs 'n punt in 'n kontinuum en nie as die finale antwoord nie.



*Prof G C Olivier van die Departement Staatsleer, Universiteit van Pretoria, is die skrywer van hierdie artikel.*

## Redaksioneel

### ASB en Politiek

**Op die ASB se laaste seminaar is daar sekerlik die beste selfondersoek nog deur die Bond gehou. 'n Ondersoek wat dan ook nie daar afgehandel is nie, maar steeds voortgaan onder andere deur die werksaamhede van die Riekert-kommissie na die ASB se politieke betrokkenheid.**

**In dié verband is dit dan ook verblywend dat die hoofbestuur gevoel het dat daar 'n kanaal in die ASB daargestel moet word waarbinne politieke standpunte ingeneem kan word op so 'n wyse dat dit verrykend vir alle deelnemers kan wees. Die kanaal moet egter sodanig funksioneer dat uitsprake aldaar gemaak nie sondermeer aan die ASB gekoppel kan word nie want die skade wat daardeur berokken word is onberekenbaar.**

### Afrikanereenheid

**Dat politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere al hoe meer 'n realiteit word kan geen nugterdenkende persoon ontken nie. In die lig hiervan word daar besondere eise aan die Afrikaner op kulturele gebied gestel, eise wat slegs met integriteit onberispelik van aard hanteer kan word.**

**Politieke verdeeldheid onder die Afrikaner is niks vreemds nie, daarvan getuig die geskiedenis. Miskien is die oorsaak daarin geleë dat die Afrikaner se naïewe aard hom te maklik die speelbal maak van Magte wat veels te slim is. Genadiglik word die Christen telkens gered uit die kloue van die Antichris wat hom verlei het.**

**Die uitdaging waarvoor die Afrikaner dan nou gestel word en in besonder die Afrikaner se kultuur-organisasies, want dis tog hulle wat die voortou moet neem, is om kulturele verdeeldheid te voorkom.**

**Indien die Afrikaner in onversoenbare kampe gelaat word sal dit nie die politieke leiers wees wat die verantwoordelikheid daarvoor sal moet dra nie maar die kulturele leiers.**

**Dis dan ook hier waar die ASB 'n groot taak het om te verrig miskien sy grootste taak in sy bestaan.**

### My plig om te stem

**Met die verkiesing voor die deur is dit niks vreemd om by die teekan te verneem dat vele studente nie hierdie verkiesing wil gaan stem nie om sodoende protes aan te teken.**

**So 'n houding is in 'n demokratiese bestel uiters fataal. Dit is elke stemgeregtigde se plig om outentieke inligting te bekom, die alternatiewe aan hom aangebied deeglik te evalueer, daarna sy stem uit te bring en die verantwoordelikheid daarvoor te dra.**

**Daar is niks so lafhartig as om nie eers in die vertroulikheid van 'n stembus standpunt in te neem nie.**

# Geen blanke tuisland vir Suid-Afrika nie

Die afgelope ses maande is daar by verskeie geleenthede deur die Pers berig dat die Oranjewerkersvereniging tot stand gebring is met die oogmerk om 'n blanke tuisland daar te stel. Iets wat voortdurend deur die Vereniging ontken is.

Die Vereniging se toekomsvisie volgens sy mondstuk "Oranje" is dat daar doelgerig gewerk moet word aan **blanke groeipunte**. So 'n groeipunt, waar slegs blankes sal werk en leef, kan uit die aard van die saak nie 'n tuisland wees nie en verder sal hulle grense binne die blanke staat vergroot soos wat die behoefte daarvoor ontstaan.

Alhoewel die ideaal op die oog af ietwat onrealisties en vergesog is, glo die lede dat daar deeglik huiswerk gedoen is en met die nodige moed, idealisme en geloof dit geensins vergesog is nie. In dié verband word Israel as voorbeeld genoem.

Die Vereniging motiveer onder meer hul gedagtes dat dit die logiese konsekwensie van afsonderlike ontwikkeling is wat die enigste oplossing is waar verskillende nasionale strewes gehuisves moet word. Zimbabwe is 'n pragtige voorbeeld van die teendeel.

Die realiteit is groot en duidelik, elke nasionale leier wil regeer en die enigste praktiese oplossing is: gee vir elke man grond om op te regeer.

Die woorde van die Vereniging se Sekretaris, mnr H F Verwoerd, "ons soek nie isolasie nie, net privaatheid vir ons volk" is sekerlik van betekenis.

Die doel en grondslag van die Vereniging is die volgende:

**Doel**

- Om mense wat projekte vir Blanke groeipunte daadwerklik wil steun saam te snoer sodat gesamentlik opgetree kan word om praktiese take uit te voer.
- Om openbare steun vir Blanke groeipunte te mobiliseer deur byvoorbeeld die stigting van maatskappye en koöperasies aan te moedig.
- Om gereelde skakeling tussen lede te bewerkstellig deur middel van nuusbriewe en ander publikasies ten einde almal se samewerking en geesdrif op 'n georganiseerde wyse te behou.

**Grondslag**

- Christelik
- Behoud van identiteit van verskillende volke en volksgroepe
- Die selfbeskikkingsreg van elke volk in 'n eié vaderland.
- Die vestiging van ontwikkeling van Blanke groeipunte (woon- en werkgebiede vir Blankes in hulle vaderland) as 'n noodsaaklike, moreel geregverdigde en positiewe bydrae tot die verwesenliking van die afsonderlike ontwikkeling van volke en van hulle onderlinge samewerking as soewereine state.

# Ope brief aan alle Afrikaanse studente

Geagte Afrikanerstudent

WIL jy as Christen-Afrikaner sien en help dat:

* **Jou** volk voortbestaan
* **Jou** Afrikanerkultuur op dinamiese wyse uitgebou word
* **Jy** en jou nageslag in vrede saam met ander volke in Suid-Afrika leef sonder om oorheers te word
* **Jou** volk voortgaan om 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse politiek te speel.

Dan gaan jy belangstel in die Afrikaanse Studentebond, 'n organisasie vir die Afrikaanse student wat meer as 33 jaar in diens van jou mense staan.

Daarom word jy genooi om op dinamiese wyse te deel in die ASB se werksaamhede. Want in 1981 wil die ASB rondom sy jaartema "Afrikanerdinamiek" besondere klem lê op:

* die handhawing en uitbouing van ons besondere Afrikanerkultuur. Daarom dat tienduisende rande gespandeer word om die Kuesta-kunsfees in Stellenbosch moontlik te maak. Die Perm/Kuesta is 'n unieke en enige geleentheid om iets by te dra tot die bou van 'n eie, moderne Afrikaanse kultuur.
* jou. Die ASB wil aan elke student geleentheid bied óm sy persoonlikheid te ontwikkel. Daarom word jy uitgenooi om deel te neem aan Saambou-Fiesta, die ASB-toer en plaaslike projekte van die ASB op jou kampus.
* die politieke weerbaarheid van Afrikaanse studente, om sodoende die uitdatings van die toekoms te kan hanteer. Kom sê jou sê op die kongres, stry saam oor die inhoud van ASBeelde (ASB-studiestukke) en begin ernstig dink.
* rasse- en menseverhoudings. In die ASB kan jy ook help dat ander mense jou, en jy ander mense beter verstaan. Slegs as ons by wedersydse respek en begrip begin, kan ons praat van 'n vredevolle Suid-Afrika. Daarom die ASB se groot skakelprojek en konferensies met lede van ander volkegroepe.

Die ASB is baie meer as wat in 'n paar woorde gesê kan word. Vra jou ASB-lid om die ASB-Inligtingstuk en ander inligting of skakel die hoofkantoor by 011—726-1703.

Vriendelike groete

die uwe

**Nelus Niemandt**
**ASB-President 1980/81.**

**Redakteur:** Hendrik Venter
Menings in ASBEK is nie noodwendig dié van die ASB of DIE WAPAD nie.
Briewe kan gerig word aan: Die Redakteur, ASBEK, Privaatsak X6, BROOKLYN, Pretoria, 0011.

INTRODUCING
RoC
HYPO-ALLERGENIC BEAUTY PRODUCTS WITHOUT PERFUME
MADE IN FRANCE

RoC because one woman in three has experienced an adverse reaction to a beauty product.

RoC has never believed in making women run serious risks with their skin. All colourants and ingredients are dermo-tested and always selected for their perfect tolerance. RoC products contain no perfume whatsoever. With RoC, the French hypo-allergenic make-up and skincare products, a woman can be beautiful safely. At least this is the opinion of French women.

EXCLUSIVE TO CHEMISTS

Mrs Elspeth Usher, qualified Beauty Therapist who has been trained by our Paris Dermatologist will be in attendance at our pharmacy from Wednesday 25th March to Friday 27th March 1981. Mrs Usher is offering you our promotional starter pack consiting of a CLEANSER, TONER & MOISTURIZER at the incredible price of R9,95.

Please visit Mrs Usher who would like to discuss with you, personally, the safe way for keeping your skin beautiful and advise you on the use of our hypo-allergenic products.

Please phone to arrange your free facial.

Remember RoC is for everyone who wants to be beautiful safely.

ARCADE PHARMACY
W.P. SCHOLTZ
B.Sc. (Farm) Hon B.Sc. Ind Farm. M.Sc. Ind. Farm.
EDGARS BUILDING, EDGARS ARCADE
CHURCH STREET, POTCHEFSTROOM
TEL. 8543

die WAPAD

# Waarvoor stem jy?

**Die studente verteenwoordig 'n wesenlike deel van die kieserskorps van Potchefstroom. Daarom doen al die partye hul bes in hul verkiesingsveldtogte — kandidate en organiseerders hou reeds vergaderings in die koshuise en groot vergaderings word reeds op die kampus en in die dorp gehou.**

**Dit bied aan die studente die geleentheid om ook die verkiesing met 'n akademiese ingesteldheid te benader. Dit is die student se plig om alle moontlike inligting te kry, dit krities te oorweeg en dan verantwoordelik sy kruisie te gaan trek.**

**Dit is ook die plig van instansies op die kampus om nou leiding te gee aan studente. Akademiese instansies, veral die politieke wetenskappe en hul verskillende institute, behoort aan studente voorligting te gee oor die implikasies van die verskillende beleidsrigtings. Politiese Raad behoort die verskillende partye kans te gee om op 'n gelyke basis hul saak aan studente te stel (dit is ook Politiese Raad se kans om te wys dat hy hom nie met die partypolitiek bemoei nie). Polstu en Paksas moet nou hul staal wys en begin om daadwerklik die massa by hul aktiwiteite te betrek.**

**Dit sal onvergeeflik wees as studente bloot op gevoel, uit oorlewering, of tradisie vir 'n sekere party stem.**

**● Die Wapad gaan in die laaste uitgawe voor die verkiesing (wat op 3 April verskyn) probeer om 'n oorsig oor die verskillende politieke partye se vernaamste beleidstandpunte te gee.**

**HOOFREDAKTEUR:** Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makouvlei. Tel 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg. Tel. 25481.
**Boodskappe** kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.
**Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00
Dins tot Don 13h30 — 16h30**

## Die krag van die kruis

**1 Kor. 1:17 en verder
Galasiërs 6:14**

**AS mens Paulus moet tipeer, dan is daar so baie moontlikhede. In die Romeinebrief is hy die apostel van die regverdigmaking deur die geloof. In 11 Korinthiërs word weer die lyde van Paulus aangetoon. Maar veral was Paulus die apostel van die kruis. Hy stel dit ook in ons teksverse; die krag van die kruis van ons Here Jesus Christus.**

Vir die Grieks-Romeinse wêreld van daardie tyd was die kruis 'n dwaasheid wat bestem is vir barbare. Vir die Jode was die kruis ook 'n dwaasheid, want God het baie duidelik gesê dat die kruisdood vervloek is. Dit was nog altyd vir hulle bitter dat Jesus, Koning van die Jode, van 'n kruishout vas- was. Paulus, egter, twyfel nie. HY PROKLAMEER DIE KRAG VAN DIE KRUIS. As die krag van die kruis in jou lewe kom, dan word die sondekruis uitmekaargeskiet. Die ou mens wat opgebou was tot 'n pragtige versierde huis, word uitmekaar geskiet. Al wat oorbly is 'n puinhoop van ellende. Dan juis kom die Heilige Gees met die wedergeboorte en hy bou die nuwe huis waar die oue gelê het.

'n Waarskuwing kom van Paulus se kant — hy sê die kruis van sy krag beroof word deur die optrede van die mens. Dit is 'n vreeslike gedagte dat 'n mens die kruis kan ontkrag sodat daar geen verlossing meer moontlik is nie!

Wat staan ons te doen? In Galasiërs sê Paulus: "Ek wil net roem in die kruis van Jesus Christus". Hoe roem mens in die kruis? Nie deur die kruis om jou nek te hang en rond te dra nie!


Nie deur 'n kruisbeeld in die kerk aan te bring nie. Dit beteken niks. Nee, Paulus wil hê ons moet roem in die kruis.

● Ten eerste: deur die kruis in ons woordde te verkondig.
● Ten tweede: dat die wêreld vir ons gekruisig is en ons vir die wêreld.

In ons lewenswandel buite moet die krag van die kruis duidelik spreek. Dit beteken:

● Negatief: Ons moet bloedig teen die sonde stry.
● Positief: Ons moet die kruis van ons Here Jesus openbaar deur die vrug van die Heilige Gees in ons lewens te toon.

**Izak de Villiers**




● *Die Wapad het 'n brief ontvang wat onder meer lui: "Die Wapad word 'n leeslekkerte!" Sien bladsy ses.*

# Wat van lentefees?

**— Len Heyneke —**

**WORD lentedag op die Puk reg benut? Is 'n amptelike "lentedag" met kenmerke wat anders is as dié van "gewone" dae nodig? Of wat van snaaks wees op dié dag — kleredrag?**

Navraag op die Kampus het verskillende antwoorde opgelewer. Die algemene gevoel is dat geen lesings en praktika op lentedag aangebied moet word nie. Verder sal 'n "lentedag" — program by die Mooirivier vanpas wees.

Maar wat sê ons Rektor, prof. Tjaart van der Walt van lentedag, soos wat die studente dit graag wil hê.

"Ek geniet studentevreugde en dis sonde om voor jou tyd oud te wees. Daar moet gedurende lentedag 'n lentestemming heers en as die studente 'n lentefees wil reël, het ek hoegenaamd geen beswaar daarteen nie".

### Klasse

Oor die kwessie van geen klasse nie sê prof. Tjaart:

"Ek sien egter nie rede vir 'n spesiale dag "af" nie en daarom is ek van mening dat só 'n lentefees buite-om die normale akademiese verpligtinge gereël moet word; en sien ek geen rede waarom klasse hiervoor "afgegee" moet word soos bv. vir karnaval en intervarsity nie".

"Ek is in elk geval teleurgesteld dat studente spesiale geleenthede waarvoor daar wel regverdiging bestaan, soos die aansteek van die fakkels met die oog op Amajubafees op 19 Februarie 1981, só swak bygewoon het. Oor die 2 000 plaaslike skoolkinders was by ons in die Amfiteater — maar ons studente het geskitter in hulle afwesigheid.

"Van die wat wel daar was het eerder die kafeteriatafels verkies as om deel te neem aan die verrigtinge.

### Lentestemming

"Mens se hele lewe, elke dag — die hele seisoen — behoort in jou hart 'n lentestemming te wees.

"Persone wat na-uurs studeer kan moontlik vrystelling van klasse kry mits dié verrigtinge wel definitief bygewoon word. Daar moet egter volgens die normale prosedure aansoek gedoen word.

"Op dié dag kan studente feestelik aantrek en al die "ou fossiele" wat nie kan nie — wat van 'n skouerruikertjie?"

## Studente passief

**— Jeanette Bruce —**

**BAIE eerstejaars voel ongelukkig oor hul kursusse. Hul neem dit omdat hulle 'n beurs gekry het of omdat 'n ouer of onderwyser die kursus aanbeveel het.**

Op die keper beskou, besef 'n mens dat die Universiteit professionele, maar ongemotiveerde en onbelangstellende mense kweek.

In Rusland word kinders van kleins af getoets en toegelaat om in 'n sekere rigting te spesialiseer. Suid-Afrikaanse kinders word nie toegelaat om hul eie denke te ontwikkel en inisiatief te neem nie. Alles word vir die kinders gedoen. As alles so maklik gaan kan 'n mens verstaan dat studente ook nie bereid is om vreeslik baie moeite te doen vir kursus of medemens nie.

Daar bestaan baie verenigings aan die Puk, maar hulle word uiters swak ondersteun, juis omdat studente nie "betrokke" wil raak nie, en nie verantwoordelikheid vir hulle studie wil dra nie.

Studente is passief in klasse en onbetrokke by koshuisaktiwiteite. Dosente voel skuldig as hulle studente werk gee waarop daar altyd kommentaar gelewer word. As studente gedwing word om vir lesings voor te berei en opleeswerk te doen, sal dit 'n siftingsproses meewerk. Die een wat nie bereid is om te werk nie, sal outomaties uitgeskuif word.

Die tyd het aangebreek dat daar met meer erns op die Suid-Afrikaanse Opvoedingsbedeling ingegaan moet word.

## Bergklimboek

**— Gerda Snyman —**

**"Ons stap nou met Hoera" is die eerste Afrikaanse boek oor die Natalse Drakensberge. Die drama en dekor van die Drakensberge is deur prof. Hennie van der Walt, direkteur van die IBC, geskryf.**

Die boek handel oor die bergklimvakansies van 'n gesin van ses. Daar is interessante gegewens oor die plante- en dierelewe en die bergklimgeskiedenis van die deel van ons land.

"Ons stap nou met Hoera" is veel meer as net 'n interessante bergverhaal. Dit is ook 'n handleiding vir die aspirantvoetslaner.

'n Lys van benodigdhede wat die voetslaner behoort saam te neem, 'n adreslys van akkomodasie in die Drakensberge en ander voetslaanpaaie in Suid-Afrika asook adresse van vervaardigers en verspreiders van kampeer- en kampuitrusting, is in die boek opgeneem. 'n Lys van boeke oor fasette van die Drakensberge en oor die plantegroei, diere en insekte van Suid-Afrika, kom in die boek voor.

Daar is ook foto's en sketskaarte wat die teks nog meer interessant maak.

Die boek wat uit ongeveer 140 bladsye bestaan kos R4,50 en sal in Julie verskyn. Belangstellendes kan die boek by prof. B.J. van der Walt, Posbus 459, PU vir CHO, bestel.

Prof. van der Walt en sy gesin is geesdriftige stappers en stap al ongeveer drie jaar saam. Hulle het verskeie voetslaanpaaie in Suid-Afrika en veral in die Drakensberge besoek.

Dié boek is geskryf omdat daar so min in Afrikaans oor die besondere onderwerp verskyn, het prof. Van der Walt gesê.

Mnr Theunis van Rensburg van die Nasionale Voetslaanpadraad sê in die voorwoord van die boek: "Die regte persoon met volop veldliefde en skryftalent moes een of ander tyd opdaag om hieroor te skryf, en hy het in die persoon van Bennie van der Walt gekom. . ."

# Parkeerskyfies is noodsaaklik

**DIE enigste manier om 'n voertuigeienaar vinnig op te spoor is deur middel van die parkeerskyfie. Volgens Maj du Toit, Hoof van Departement Sekuriteitsdienste, is 'n parkeerskyfie noodsaaklik om verskeie redes.**

'n Student registreer by die Departement Sekuriteitsdienste deur 'n parkeerskyfie te koop. Daardeur kan so 'n eienaar dadelik opgespoor word in gevalle van brand, werkers wat aan die terrein moet werk of parkeerplek wat vir eregaste geskep moet word. Wanneer 'n voertuig nie 'n skyfie op het nie, moet 'n omslagtige prosedure gevolg word om die eienaar op te spoor. In geval van nood, gaan so 'n eienaar dus net tweede kom.

Dit is eenvoudig en goedkoop om so 'n skyfie te bekom. Net 'n paspoortfoto en 20c is nodig. Hierdie 20c dek nie eers die drukkoste van die skyfies nie, maar is deel van die minimum-moeite-en-onkosteplan vir studente met motors of motorfietse. Selfs eerstejaars mag skyfies uitneem, daar is geen beperking soos by ander universiteite nie.

Sekuriteit hou rekord van alle eienaars wat aanmanings kry omdat daar nie skyfies op hul voertuie is nie. Boetes vermeerder volgens hoeveelhede en aard van die oortredings.

Volgens hierdie rekord word die presiese boete opgelê. Wanneer 'n student voel dat hy/sy nie die regte boete opgelê is nie of dat die boete nie geregverdig is nie, kan vertoë binne 72 uur gerig word. Dit word volgens meriete behandel en daar is wel "versagtende omstandighede".

Wanneer 'n eienaar na die derde boete nog nie gereageer het nie, word sy motor geïmmobiliseer deur vassluiting. So word eienaar gedwing om homself te identifiseer. Sekuriteit sluit die motor onmiddellik na identifikasie weer oop aangesien die vassluiting die laaste manier is om die eienaar op te spoor.

Studente word gevra om saam te werk en so gou moontlik hul parkeerskyfies te kom koop. Dit is min moeite in ruil vir 'n jaar se sorgvrye parkering op die Pukke se terrein.



*Dr Martin Bekker, wat die afgelope tien jaar dié Direkteur van Openbare Betrekkinge op die Puk was, het 'n betrekking by die RGN in Pretoria aanvaar. Hy sal internasionaal skakel met universiteite en ander instansies wat navorsing doen oor geesteswetenskappe.*

# Parkering is genoeg

**BY sommige koshuise, veral by die parkeerterrein vir K-skyfies, ontstaan gereeld parkeerprobleme. Daar is meer motors as parkeerplekke, met die gevolg dat die plekke wat vir besoekers gereserveer is, ook deur studente in beslag geneem word. Baie probleme word veroorsaak deur mense wat in die ryvlak parkeer en die vloei van die verkeer belemmer.**

Daar is tans 13 parkeerterreine en waar Thaba Jäh gesloop is, gaan deels ook parkeerplekke kom.

Op die oomblik is daar 1 133 parkeerplekke beskikbaar. Volgens maj Du Toit, hoof van Sekuriteit, is daar nie te min plekke nie, maar sommige terreine word onderbenut terwyl ander weer oorbenut word.

Ongeveer 910 studente het reeds parkeerskyfies uitgeneem vir 1981. Die Reglement van die Universiteit vereis van beide personeel en studente om parkeerskyfies te koop voor hulle 'n motor op die kampus mag aanhou. Die skyfies dui spesifieke plekke aan waar stilgehou mag word. Almal kom nie die voorskrifte na nie en dis waar die probleme begin.

Verlede jaar is begin met die oprig van onderdakparkering vir Pukmotors en dié van personeel. Maj Du Toit sê dat daar reeds hierdie jaar met die oprig van afdakke aan die suidekant van die spoor begin sou word. Studente sou dit teen 'n minimale bedrag kon huur.

Vanweë 'n gebrek aan geld is dit onbepaald uitgestel. Sodra geld beskikbaar is, sal dit gedoen word.


# Meganisasie by etes

**Koshuisgangers sal bly wees om te hoor dat die ou stelsel van nommers opgee by die etes met 'n nuwe stelsel vervang gaan word. Volgens mnr Dirk Coetzee van Koshuisadministrasie, word die stelsel al die afgelope twee weke met groot welslae by die Sentrale Eetsaal beproef.**

By die ingang is 'n groot bord waaraan al die kaartjies hang. Sodra die studente inkom, haal hulle slegs hulle kaartjies af en gee dit by die opskeppunt in. Hierdie stelsel bespaar baie tyd. Die eerste keer soek studente nog 'n bietjie na hulle kaartjies, maar daarna verloop dit glad. Studente hoef dus nie meer tyd te mors om in 'n ry te staan om hulle nommers op te gee nie.

Mnr Coetzee sê dat hulle beoog om later nog 'n beter stelsel te gebruik. Die idee kom uit 'n Amerikaanse tydskrif. Die studente gaan afsonderlik vir losies en etes betaal. Só betaal 'n mens dus net vir die etes wat jy neem. Etebesprekings sal met behulp van 'n rekenaar gedoen word. By die eetsaal sal 'n elektroniese deur wees wat oopgaan as 'n kaartjie ingedruk word en daar wél 'n bespreking gedoen is. Studente kan dan by enige eetsaal bespreek en daar eet.

Daar word tans na manlike spyseniers gesoek om die dames in die eetsale te vervang. Van die redes daarvoor is dat die kokke nie vir die dames wil luister nie. Kokke word in die tuislande gewerf en dan deur die Puk opgelei. Die mans sal beter dissipline as die dames kan handhaaf.



*Daar is baie gewonder oor die doel van die verklikker in die reserveerafdeling van die biblioteek. In 'n onderhoud met een van die personeellede het dit egter geblyk dat die oop spasie nog toegebou gaan word.*

# Polstu kies nuwe bestuur

Polstu-Puk het onlangs 'n nuwe bestuur verkies. Die voorsitter is John Potgieter, ondervoorsitter Bert Weenink, penningmeester Paul Smith, redakteur Peet van den Berg, addisionele lid André Howard, sekretaresse Leencke Heunis.

Die jaarprogram is voorlopig soos volg:

- 25 Maart: Kaas en wyn
- 16 Mei: Seminaar met die tema: "Ekonomiese alternatiewe" Daar word beplan om vooraanstaande swart en wit Ekonome te nooi.
- 7-11 Julie: Jaarkongres wat voorlopig in Johannesburg gehou sal word.
- Julie: Toere onderskeidelik na Zimbabwe en Namibië.
- Desember: Polstu-toer na VSA.

Polstu-Puk se ledegeld beloop R2. Die grondwet kan op aanvraag van John Potgieter (Klooster tel: 3468) gekry word.

# Klagtes oor KMD ongeldig

**"DOKTERS is traag om na-uurse oproepe te ontvang" en "studente kry te maklik afwesigheidsertifikate" is van die klagtes wat oor KMD ontvang is.**

Volgens Prof J Offermeyer, hoof van KMD, is dit 'n diens wat aan studente gelewer word en net soos enige ander diens kan dit nie perfek wees nie.

Wat die oproep van geneeshere ná werksure betref, gebeur dit dikwels dat die dokter besig is met 'n pasiënt en nie dadelik aandag aan die volgende kan gee nie. Dit gebeur ook dat die regte oproepprosedure nie gevolg word nie of dat die verkeerde kanale gebruik word.

Omdat geneeshere onnodig gepla word deur na-uurse oproepe kan dié oproepe wat nie deur die regte kanale gaan nie, moeilik aanvaar word. Sommige gevalle is van so 'n aard dat behandeling telefonies kan geskied.

Prof Offermeyer het daarop gewys dat net huisvaders en huiskomiteelede geneeshere mag oproep. Die geneesheer aan diens se nommer moet geskakel word en indien daar geen antwoord is nie, moet die radioroepsisteem gebruik word.

Volgens dr J M van Rooyen, senior geneesheer, bestaan daar verwarring oor dienstye en die oproepprosedure word verkeerd gebruik, wat paniek veroorsaak en gevolglik roep studente plaaslike geneeshere in.

Oproepe gedurende die dag kan ook nie aanvaar word nie, aangesien die geneeshere speekure het en tussen speekure met lesings besig is. Net absolute noodgevalle sal as uitsondering beskou word.

Die susters is van 08h00 tot 18h00 aan diens en probleme kan tussen dienstye aan hulle gestel word.

Prof Offermeyer sê daar is twee soorte siektesertifikate naamlik dié vir klasvrystelling en dié vir toets- en eksamenvrystelling.

Daar is ongelukkig gevalle waar studente misbruik daarvan maak en simptome van siektes beskryf wat nie diagnoseerbaar is nie. Hier word die geneesheer verplig om aan die student die voordeel van die twyfel te gee.

"Die paar wat dit misbruik is gelukkig in die minderheid, maar wat saak maak is dié student wat hulp nodig het en wel gehelp word, het prof Offermeyer gesê.

## Bibbel Babbel

SEDERT die rekenaar 'n dekade of drie gelede 'n werklikheid geword het, was een van die terreine waarop rekenarisering sy invloed al sterker laat voel het die verspreiding van inligting. Prosedures wat eens met die hand en met groot inspanning in 'n biblioteek verrig is, kan nou baie vinniger en meer effektief met die hulp van die rekenaar verrig word.

### Gerekenariseerde Stelsels

Die Ferdinand Postma-biblioteek is op die oomblik aan die gang met die beplanning en implementering van verskillende gerekenariseerde stelsels en dis net 'n kwessie van tyd voordat gebruikers die vrugte daarvan sal kan pluk.

# Bib beplan vir rekenaars: stelsels reeds in gebruik

Die mees ambisieuse van dié projekte is die beoogde implementering van die DOBIS/LIBIS-stelsel. Dit is 'n programpakkie wat in Dortmund begin en verder in Leuven ontwikkel is en wat uiteindelik die rekenarisering van onder andere die katalogus, die aanskaffing van boeke en die uitleenproses sal moontlik maak. Daar word beoog om reeds volgende jaar met die implementering daarvan te begin.

### Dialog-Databasisse

'n Ander, en reeds bestaande, fasiliteit is die Biblioteek se inskakeling op die DIALOG-stelsel. Met behulp van 'n teletikmasjien en 'n telefoonlyn word met Lockheed se rekenaar in Kalifornië geskakel en kan meer as 'n honderd en twintig databasisse met veertig miljoen verwysings, uit duisende tydskrifte in 'n fraksie van die tyd wat 'n handsoektog neem, deursoek word.

Ander dienste wat gerekenariseer is of word, is onder andere die boekaankondigingsdiens aan dosente, asook die Katalogus van alle Suid-Afrikaanse verhandelinge en proefskrifte. Daar bestaan reeds 'n volledige gerekenariseerde katalogus van die Adviesburo vir Klein Sakeondernemings se biblioteek, terwyl meer as 6 000 werke in die Ferdinand Postma-Biblioteek reeds op rekenaar gekatalogiseer is. Volgens 'n woordvoerder van die Biblioteek is hierdie maar enkele van die aspekte waardeur steeds gepoog word om die mees effektiewe diens aan gebruikers te lewer.

## Regstelling

VOLGENS Die Wapad van 13 Maart 1981 het George Gibbens op Maandag 2 Maart verjaar. Hy verjaar egter op 26 Februarie.

**ALLE politieke berigte word verantwoord, nagesien en van opskrifte voorsien deur Izak Minnaar, redakteur van Die Wapad, PU vir CHO Potchefstroom.**

Sanet's
Health Shop
- Gesondheidsvoedsels
- Verslankingsmasjiene
- Natuurlike skoonheidsmiddels
- Dieetv..dsels
- Homeopatiese middels

Malherbestraat 42
Telefoon 5444

Bult Droogskoonmakers
(Uitsig Arkade verby Volkskas)
Toon afslagkaart en ontvang afslag

# Wapad-skaak vorder fluks

**DIE eerste fase van Die Wapad se skaakkampioenskappe is vinnig besig om ten einde te loop.**

Die derde rondte word hierdie week (16 tot 20 Maart) afgehandel. Dit wil voorkom asof daar slegs vyf rondtes nodig sal wees om te bepaal watter spelers deurdring na die volgende fase van die kompetisie. Spelers het dus nog net twee wedstrydspelle oor waarin hulle hul staal kan wys.

Vir die tweede fase gaan die spelers op grond van die punte wat hulle in die eerste fase behaal het in groepe van ongeveer 6 spelers verdeel word, wat dan op 'n rondomtaliebasis teen mekaar speel.

Die spelers wat al die derde rondte afgehandel het, se punte is soos volg: W van der Merwe — 3; J van der Schyff — 2-1/2; H van Wyk, K Jonkheid, C van der Walt — 2; B Venter, R Ostendorf, P Cilliers — 1.

Die wedstryde vind Maandae om 18h30 en Woensdae om 19h00 plaas. Maandae sal spelers by die maksiestel bymekaarkom en daarna 'n geskikte lokaal beweeg.

Woensdae se wedstryde sal saamval met die skaakklub se oefening en dit vind in kamer 10 van die Frans du Toit-gebou plaas. Alle belangstellendes is welkom om te kom skaak speel op 'n Woensdagaand.



● *'n Paar van die inwoners van Blok J van Kasteel en van Gange Drie en Vyf van Hombré wat verlede Dinsdagaand 'n vrugtefees by die Dam gehou het.*

# Suidwes-studente kampeer lekker

**"UND sollten man uns fragen, was hält euch denn hier fest, ja fest — wir könnten nur sagen: WIR LIEBEN SUDWEST!**

Dit is maar net die woorde van 'n mooi liedjie, maar vir die Suidwesters op die Puk, kom die woorde uit die hart en help dit nie juis om die verlange huis toe te stil nie! Die huis is egter ver en dit is net hier waar die Suidwes-vereniging moes wys wat in hom steek . . .

### Akademie gelos

Vrydagmiddag het 24 van die lede hul akademie beslis eenkant toe geskuif toe hulle in 2 Puk-kombi's en onder die toerleiding van mnr en mev Piet Gryffenberg in die pad geval het na die Rustenburg kampeerterrein.

### Motivering

Die Suidwes-vereniging het so pas sy spore op die Puk begin trap, daar dit nuutgestig is. Die doel van die kamp was om die vereniging te motiveer vir jare en jare se suksesvolle, voortbestaan. Dit vra nou ook nie juis veel van 'n profeet om te voorspel dat dit wel die geval sal wees nie! Mens kan maar net kyk na die gees van optimisme en entoesiasme wat onder die lede heers.

### Mekaar leer ken

Die kamp, wat sonder enige spesifieke program gefunksioneer het ,was ook 'n goeie geleentheid vir die lede om mekaar so tussen die swem, bergklim kosmaak deur, beter te leer ken.

Sesuur Sondagmiddag was hulle terug. Op die vraag hoe die kamp was, het jy net 'n breë glimlag as antwoord gekry!

# H.O.D. kursus kan verdwyn

**DIT hang van die Transvaalse Onderwysdepartement af of H.O.D. (Sek) as 'n kursus gaan verdwyn of steeds aangebied sal word. Die kursus sal egter steeds aangebied word solank die T.O.D. beurse gee en daar steeds inskrywings is. Die nagraadse onderwysdiploma sal steeds aangebied word en kan nie as 'n kursus verdwyn nie.**

H.O.D. (Sek) is as kursus ingestel toe die T.O.D. 'n tekort aan sekondêre onderwysers gehad het, 'n tekort wat steeds groter word. Daar bestaan steeds aanvraag na die kursus.

H.O.D. (Sek) studentegetalle verminder steeds met die geïntegreerde kursusse soos B.A. (Ed), B.Sc (Ed), B.Comm (Ed), B.Bibl (Ed), wat tans aangebied word.

# Aptekerstoekoms is donker

**VERLEDE Dinsdagaand tydens 'n PASV vergadering, het mnr Sirakis, die president van die Suid-Afrikaanse Farmaseutiese Federasie, die aptekerstudente toegespreek oor die toekoms van die apteker in Suid-Afrika.**

Volgens mnr Sirakis, is die toekoms van die apteker in Suid-Afrika maar donker. Dit gebeur deesdae dat geneeshere in ses maande kursus in Farmakologie neem, en dan aan die pasiënt voorskryf watter medisyne vir watter siekte geneem moet word. Sodoende word die funksie van die apteker ondermyn en kry hy nie die geleentheid om hom in sy werk uit te leef nie.

Daar is ook nou die sogenoemde Kliniese apteker wat 'n spesifieke medisyne voorskryf nadat die geneesheer die siekte gediagnoseer het.

Die vaksamestelling van die apteker se kursus het sy oorsprong in Engeland waar dit vandag nog uitgewerk word. Die samestelling is egter van so 'n aard dat sekere dinge veral in die eerstejaar, heeltemal onnodig is.

Daar is twee tipe aptekerskursusse: aan die Technikon waar slegs 'n diploma verwerf kan word, maar wie se werk meer op die praktiese toegespits is en wat ook meer spesifiek is, en 'n graad aan 'n Universiteit verwerf.

Die salarisse van aptekers is ook nie bevredigend nie, hoewel die plattelandse apteker niks het om oor te kla nie.

'n Vraag wat nou al hoe meer by die aptekers ontstaan, is of dit die moeite werd is om solank vir 'n graad te swot en iemand sonder enige ondervinding van medisyne doen die werk?



● *Mnr Sirakis, president van die Suid-Afrikaanse Farmaseutiese Federasie.*

# Parlement praat oor aktualiteit van CHO

**NA aanleiding van die kwessie oor gemengde koshuise wat op die vorige Studenteparlement-sitting baie uiteenlopende bespiegeling uitgelok het, is daar besluit dat die volgende sitting op 25 Maart om 19h30 in die Senaatsaal sal gaan oor die aktualiteit van CHO.**

Sprekers wat sal optree is: Jan-Louis du Plooy, Piet Fanoy, André v d Walt en prof N J Olivier van Regte.

Al die Pukke word uitgenooi om te kom luister en hul saak deur hul Parlementslede te stel.

# Gesels saam

**IDEOLOGIKA is beslis nie 'n vloekwoord nie. Inteendeel dit is eerder daar om jou speurvernuf en nuuskierigheid intens te prikkel en te stimuleer.**

Stel u belang in die volgende temas:

- Swart Teologie
- Maatskaplike probleme van die student
- Oriëntering- 'n moet of nie
- Duiwelaanbidding
- Saamblyery
- Proefhuwelike
- Gemengde koshuise, en nog vele meer.

As jy belangstel bied ons jou die geleentheid om dit in 'n intieme groep te bespreek.

Gooi jou naam, adres en tema waarin jy belangstel in bussie 75 agter die inligtingshokkie in die SS of kontak die voorsitter Fanie Vorster, in Caput (3375/76), ondervoorsitter Sarel v d Westhuizen, Caput (3375/76), sekretaresse Retha Swart, Wanda (4327/28) of penningmeester Daan Bakker (21717).

# Lokale vernoem na ou koshuise

**LOKALE in en om die Studentesentrum gaan na ou koshuise vernoem word.**

Die twee konferensiekamers is vernoem na Gathland en Toekoms. Gathland, wat reeds in 1975 gesloop is, was geleë waar die SS vandag is. Toekoms se staanplek was waar die muurbalbane nou geleë is.

Daar is steeds heelwat lokale wat gedoop moet word, byvoorbeeld die twee restaurante, die dameskroeg en die braaivleisplek.

Die gedagte het ontstaan om ou koshuise wat gesloop is, se name op dié manier vas te lê vir die nageslag. Dit moet ook die gemoedere van, byvoorbeeld oud Thaba-Jähers kalmeer. Hulle het dit nodig geag om hul name op die dakke van Heide en Karlien te verf.

Deur die vernoeming van die ou koshuise, sal ou tradisies steeds lewendig bly, al is dit slegs in naam.

# Studente leer eie bome ken

**DIE Bedryfskennis-IV-studente het Sondag, 1 Maart, op 'n vier-daagse opvoedkundige toer na die Krugerwildtuin vertrek.**

Die toer is 'n jaarlikse instelling en sy hoofdoel is om die studente vertroud te maak met die inheemse boomsoorte van die Wildtuin. Die koste verbonde aan die toer beloop R30 en sluit verblyf en etes in.

Die studente het Sondagaand op Projekoord geslaap en Maandagoggend na die Meiring de Wet-navorsingstasie vertrek. Hier het hulle 'n lesing ontvang oor die aard, groeitoestande en lewenstydperk van dennebome.

Dinsdagoggend is hulle op 'n besigtigingstoer deur die denneplantasies geneem. Hoogs opgeleide werksmense het aan hulle getoon hoe die dennebome m.b.v. elektriese apparaat afgekap en gesaag word. By die Acme-saagmeule is die studente gewys hoe dennebome ontbas, opgesaag, gegradeer, gestapel en gedroog word.

Die toer het Woensdagoggend geëindig met 'n besoek aan die Pulpfabriek in Nelspruit. Hier is die studente onder meer gewys hoe bloekombome gepulp word.

Die algemene gevoel onder studente is dat meer sulke opvoedkundige toere onderneem moet word, ook deur ander departemente. Sodoende kom die student in aanraking met die praktiese aspek van sy kursus en word die teorie beter toegelig en verstaan.

UIT MY MEDISYNE-TROMMEL


# Beheer u skilfers meer doeltreffend

Behandeling teen skilfers is maar onbevredigend en beheer eerder as genesing behoort die oogmerk te wees. Daar is baie preparate wat seleensulfied en sinkpreparate bevat, en die meeste van hulle beheer skilfers baie doeltreffend.

In ligte gevalle moet 2 % salisielsuur in 'n salf in die kopvel ingevryf word en 'n uur of wat later met 'n reinigingsjampoe verwyder word; of gebruik 'n melk sjampoe en vryf dan die kopvel in met 'n velwater wat 2 % salisielsuur bevat. Op die manier bly die medikasie op die kopvel tot die volgende sjampoe.

Gewoonlik sal skilfers in toom gehou word as die kopvel weekliks met 'n melksjampoe gewas word. Dit kan dalk nodig wees om dit twee keer per week te was, maar dit moet nie te dikwels gewas word nie want dan verwyder u die olie van u kopvel af.

guys ß dolls
vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!
Die uwe,
GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.




# Karateklub het goed presteer

**TWEE van Puk se topkaratekas het die naweek van 6 en 7 Maart, aan die Suid-Afrikaanse senior swartgordelkompetisie en die J.K.A.-styl, deelgeneem.**

Reon du Plooy (lid van verlede jaar se SAU-span) het in die laaste eliminasiegeveg teen die Springbok, K Geyser, verloor na 'n baie opwindende geveg. Dalize Bosman het 'n derde plek in die dameskata verower. Sy het met party bekende Springbokke afgereken, onder andere die Springbokafrigster.

Dit was beide Reon en Dalize se eerste senior Suid-Afrikaanse kompetisie. Albei het goeie vertonings gelewer by die kampioenskappe en daar word nog groot dinge van hulle verwag. Die feit dat daar meer as 200 deelnemers aan die kampioenskappe deelgeneem het, maak hulle prestasies baie indrukwekkend.

Die Puk se karatespan het dus genoeg diepte om weer die SAU-kompetisie vanjaar te wen.

Die Karatekoshuisliga vir 1981 is onderskeidelik deur Villagers en Dinki gewen. Vir die derde agtereenvolgende jaar het Villagers met die goud weggestap. Die dorp het skoonskip onder die koshuise gemaak.

Johan van Tonder is die man wat die beste tydens die kompetisie gevaar het. Delize Bosman is die dame wat almal van haar vaardigheid verseker het deur 'n uitstekende vertoning te lewer.

Die Uitslae het daar as volg uitgesien:

**Mans:**

Eerste is Villagers; tweede is Caput; derde is Drakenstein; vierde is Klooster en vyfde is Hombré.

**Dames**

Eerste is Dinki; tweede is Oosterhof; derde is vergeet-my-nie; vierde is Klawerhof en vyfde is Wag-'n-bietjie.

Die voorsitter van die klub, Reon du Plooy is van mening dat die standaard van die kompetisie vanjaar oor die algemeen laer as vorige jare was. Villagers was verplig om hul B-span in te skryf om die ander koshuise ook 'n kans tot oorwinning te gee, nogtans het Villagers gewen. Die dames se kompetisie was egter baie sterker as in die verlede.

# KORTSPORT

## ● Rugby

Die Taurusspan het Saterdag 14 Maart die Puk se naam tydens 'n rugbydag op Louis Trichardt hoog gehou. Hulle het teen Louis Trichardt gespeel en 31-13 gewen. Die span bestaan uit gekombineerde koshuis- en Ibbiespelers.

Die Ibbies en die onder-20 B-Span speel Saterdag 21 Maart op Loftus Versveld teen spanne van Tukkies. Dit sal voorwedstryde wees vir die wedstryd tussen Tuks I en die Argentynse span, Los Toros.

## ● Tafeltennis

Tydens die tafeltennisliga wat verlede Woensdag, 11 Maart gehou is, het die Puk-span bewys dat hulle nie verniet met twee Wes-Transvaalse spelers spog nie. Hulle is Karin Rink en Retha de Wet. Die Puk A1-mansspan het Ontvanger met 10—0 gewen en die Puk A2-mansspan het teen Orkney gelykop gespeel met 5 elk. Die damesspan, Puk B, het ook teen Orkney 7—3 gewen.

## ● Trampolien

Sharlène Geyser, die Puk se Springbok wipmatspringer, is uitgenooi om 27 Maart aan die top-tien kampioenskappe wat in Pretoria gehou word, deel te neem. Net die tien beste beoefenaars van die sportsoort is uitgenooi na die geleentheid. Daar sal twee afdelings wees, naamlik wipmat en dubbel mini-wipmat.

Hierdie kampioenskappe sal ook dien as Springbokproewe vir die twee toetse teen Amerika wat in Suid-Afrika aangebied word. Sharlène was derde op die wêreld-kampioenskappe wat in Switserland gehou is. Sy was ook sportvrou van die jaar vir Puk in 1978 en 1979.

## ● Binnemuurse Hokkie

Vrydagaand, 13 Maart het die Puk in die hokkie-intervarsity teen RAU goed presteer.

Die dames se tweede span verloor 5—4 teen RAU. Die eerste span wen RAU 7—3.

Die mans se tweede span wen 6—2 teen RAU en die eerste span verloor 7—3 teen RAU.

Die mans het besonder goed presteer as in aanmerking geneem word dat RAU twee Transvaalspelers in hulle span het.

Saterdag, 21 Maart is daar 'n binnemuurse hokkiedag vir damespanne waaraan al die spanne van Wes-Transvaal sal deelneem. Dit begin om een-uur die middag en sal duur tot die aand.

Op 28 Maart vind die onder-21 Wes-Transvaalproewe plaas.

# Tien Pukke speel in Wes-Transvaalspan

**NA die finale Wes-Transvaalse rugbyproewe wat Saterdag 14 Maart op Oliënpark gehou is, is tien Pukke in die span ingesluit. Vier Pukke is ook vir die B-span gekies.**


Die A-proefspan het die B-proefspan met 49—9 gewen. Die spanne is net daarna gekies. Al die Puk-spelers wat aan die proewe deelgeneem het, het baie goed gespeel. Piet Conchar het weer sy ou vorm herwin en het in die flankposisie uitgeblink. Gert Smal het self ook goed gespeel. Die Puk se nuweling, J P Geldenhuys, het getoon waarom daar van hom gepraat word as 'n moontlike Springbok vir die toer. Al die ander voorspelers het beïndruk.

In die agterlyn het Herman Kleynhans ontpop as 'n goeie stelskopper en het met net drie skoppe pale toe misluk. Met sy spoed voorspel Zillen Roos net gevaar vir spanne wat vanjaar teen die Puk gaan speel.

Wessel van der Merwe het met sy aanvallende heelagterspel sy plek in die Wes-Transvaalspan oopgespeel. Jacques du Plessis wat vir die B-span gekies is, het uitgeblink en Cobus van Wyk sal sy sokkies moet optrek as hy sy plek in die Wes-Transvaalspan wil behou.

Die Wes-Transvaalse span is: Wessel van der Merwe, Tjaart Pretorius (Villagers van Carletonville), Herman Kleynhands, Zillen Roos, Koos van Vuuren (R.P.M.), Cobus van Wyk (onderkaptein), George Moorcroft, Nic Nortje, José Maleta (Westelikes), Jan Jonker (R.P.M.), Piet Conchar, André Markgraaff (kaptein), Paul du Plessis (Potch dorp), Gert Smale en J P Geldenhuys.

Die B-span is: Christo Grobler (Weermag), A Esterhuysen (Pote), Louwtjie van der Walt, Pikkie du Toit (Pote), Jacques du Plessis, William Jenkins (R.P.M., Diederick Nel (Potch dorp), Anton Fick, Johan Labuschagne (Weermag), Herman Jordt (R.P.M.) Cassie Carstens (Pote), Sarel Loots, Christo Bosch (Oos Driefontein) en Jurie Welthagen (Strathvaal).



● *Charl Botes voer 'n suksesvolle gooi teen sy opponent uit. Hy het 'n tweede plek behaal tydens die Suid-Afrikaanse Judo-Kampioenskapp.e*

# Puk-judo presteer

**DIE grootste Springbokproewe wat ooit in Suid-Afrika aangebied is, het Saterdag 14 Maart in Johannesburg plaasgevind. Die Pukke wat vir hierdie proewe ingeskryf het, het almal baie goed gevaar. Twee van die Pukke is ook uitgenooi om aan die Suid-Afrikaanse spele wat in Mei vanjaar in Kaapstad plaasvind, deel te neem.**

Charl Botes en Bennie Wheeler is uitgenooi om aan die Suid-Afrikaanse spele deel te neem. Bennie moes ongelukkig na sy eerste geveg onttrek as gevolg van 'n voetbesering. Hy het sy voet 'n week voor die proewe beseer.

Charl Botes, 'n uitstekende judoka en afrigter van die klub, het baie goed geveg. Hy is egter deur een van die beste judokas in Suid-Afrika, André French, uitgeskakel. Charl het met die tweede plek huis toe gekom, wat 'n uitmuntende prestasie is.

Die enigste Puk-dame wat ingeskryf het, Tea du Toit, het goed geveg. Paul Kruger het sy eerste twee gevegte gewen, almal se hoop was op hom gevestig tot 'n verkeerde beslissing hom uitgeskakel het.

M Knoetse en Johan Boshoff het albei 'n vierde plek behaal. Die ander deelnemers was Cornelius Pretorius, 'n man met potensiaal maar het die ondervinding ontbreek en Theodorius en Marius Papavarnavas.

Van al die universiteite wat ingeskryf het, is Kovies die enigste wat 'n Springbok opgelewer het, daarná is die Puk wat met 'n tweedeplek spog. Die Puk-span gaan nou in Johannesburg oefen om ondervinding op te doen.

# Pukke goed by Tvl-atletiek

**BAIE Pukke het presteer tydens die Transvaalse atletiekkampioenskappe. Die kampioenskappe het in Germiston plaasgevind.**

Pieter Kukuk het 'n tweede plek in die vyfkamp vir mans onder-19 behaal. In die verspring was hy eerste met 'n sprong van 6,534m. Spiesgooi het hy tweede gekom met 'n afstand van 43,65m en met diskus was hy ook tweede met 36,12m. Pieter het ook tweede plekke in die 200m en die 1 500m behaal.

Petro Fourie het 'n vierde plek in die 400m vir dames behaal met 'n tyd van 55,9s. Sy is besig om mooi van haar beenbesering te herstel. Die hoogspring is deur die Puk Nanda Barnard gewen. Haar hoogte was 1,65m. Die verspring is ook deur 'n Puk, Barbara Kuun, gewen met 'n afstand van 5,62m Piet Goosen het weer eens die diskus gewen met 'n goeie afstand van 58,18m. Ludwig Muyburgh is besig om goeie naam te maak, want teen die groot kanonne van die 400m, het hy 'n derde plek behaal. Sy tyd was 47,0s.

# Kantoor verskuif

**DIE penningmeesterskantoor van die Studenteraad het verskuif na lokaal 107, die vorige Kultuurraadskantoor. Kultuurraad gebruik voorlopig kantoor K113.**

# Skietklub groei

**SEDERT die Puk geopen het aan die begin van die jaar, het die praktiese skietklub 'n ongekende groei beleef.**

Die ledetal van die klub het vervyfdubbel en dit groei nog steeds. Dit is veral dames wat nuut aangesluit het. Die klub het alreeds 25 dames in hulle geledere. Die SSR het vyf pistole aan die skietklub geleen omdat daar 'n tekort aan wapens is.

Die dames is baie handig met die vuurwapens, al het hulle nog nooit van tevore 'n vuurwapen hanteer nie. Meeste van die dames het gou vertroud geraak met die hantering daarvan en sal enige persoon laat rondstaan indien sy die wapen moet gebruik vir selfverdediging.

'n Nuwe baan is onlangs in gebruik geneem en daar is ook 'n boslaan opgestel. Daar moet mens dan die oefening doen deur tussen die teikens deur te beweeg. Nuwe lede word op die offisiersbane vertroud gemaak met die hantering van wapens.

Die komende intervarsity hou groot belofte in en die Kovsies sal beslis moet hard oefen om die vasbeslote Pukke te klop.